Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Verwysing: 20171129-7432
12/2/8/19
Navrae: Mnr I Teladia

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0020/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure (Hoofkantoor en onderwysdistrikskantore), Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Hoofde: Leerondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Hoofonderwyskundiges, Adjunk-hoofonderwyskundiges en Prinsipale van sekondêre skole

Onderwerp: Aflewering van boekies – *Oorgang van graad 9 tot graad 10: Wenke vir Sukses*

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het die *Oorgang van graad 9 tot graad 10: Wenke vir Sukses-boekies vir elk van die Wes-Kaap se* graad 9-leerders saamgestel om hulle met hul vakkeuses vir graad 10 te help. Die boekies bevat studiewenke, eksamenwenke, wenke vir sukses, wenke vir doelwitte en ander nuttige inligtingstukke.

2. Distriksamptenare sal die boekies by alle gewone openbare skole, met graad 9-leerders, aflewer.

3. Die boekies moet met ontvangs aan elke graad 9-leerder oorhandig word.

4. Kontak asseblief u distrikskantoor indien die getal boekies wat by die skool afgelewer word, verkeerd is. Oortollige boekies moet aan die distrikskantoor terugbesorg word.

5. Ten einde die doeltreffendheid van hierdie boekies te verseker om leerders met hul vakkeuses en eksamenvoorbereiding te help, word **onderwysers aangemoedig om die inhoud van die boekie met hul graad 9-klasse te bespreek** en leerders aan te moedig om dit te lees.

6. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle personeellede te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2018-01-09